WET OP DIE GAUTENGSE VERVOEROWERHEID, WET 2 VAN 2019
GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER
KENNISGEWING: DIE KONSEP VYF-EN-TWINTIG JAAR GEÏNTEGREERDE MEESTERPLAN VIR VERVOER (ITMP25) VIR DIE GAUTENGPROVINSIE IS BESKIKBAAR VIR OPENBARE INSAE EN KOMMENTAAR

Die lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Paaie en Vervoer in die Gautengprovinsie gee hiermee kennis dat die Konsep Vyf-en-Twintig Jaar Geïntegreerde Meesterplan vir Vervoer (ITMP25) vir die Gautengprovinsie afgehandel is en by die streekkantore en webwerwe wat hieronder vermeld word, beskikbaar is vir inspeksie, openbare insae en kommentaar.

Die ITMP25 vir die Gautengprovinsie is in 2013 deur die Gautengse Departement van Paaie en Vervoer (GDPV) ontwikkel. Die ITMP25 vir Gauteng het belangrike vervoerprojekte en -planne uitgestippel wat oor die volgende 25 jaar van stapel gestuur sal word. Benewens die ITMP25, is 'n 5-jaar Gautengse Vervoerimplementeringsplan (GTIP5) ontwikkel. Die GDPV, in samewerking met die Vervoerowerheid vir Gauteng (TAG), het die GITP5 en ITMP25 nagegaan en bygewerk.

Die ITMP25 vir Gauteng is 'n belangrike strategiese dokument, en sodra dit nagegaan is, sal dit die GDPV in staat stel om 'n doeltreffende en goed-geïntegreerde vervoerstelsel te reguleer, te beplan en te ontwikkel. Sodanige geïntegreerde vervoerstelsel sal daarop gemik wees om die openbare belang te dien deur mobiliteit te verbeter en veilige, sekure en omgewingsvolhoubare lug-, spoor- en padgebaseerde openbare en privaat vervoerdienste te lewer.

Die ITMP25 se primêre doelwit is om 'n wêreldklas, volhoubare vervoerstelsel te lewer wat Gauteng se ekonomiese, sosiale, kulturele en omgewingsdoelwitte ondersteun.

Die vertrekpunte vir die bygewerkte ITMP25 dien om:

- as 'n staatsingryping gebruik te word om die status quo pro-aktief te verbeter;
- die globale stadstreekkonsep te ondersteun;
- tot beduidende verdere volhoubare, langtermyn sosio-ekonomiese ontwikkeling en werkskepping te lei;
- sosiaal inklusief te wees en om die Gautengstreek te transformeer;
- omgewingsgesond en -volhoubaar te wees;
- maniere van openbare vervoer aan te beveel wat verkieslik en geskik is vir 'n spesifieke korridor;
- die benutting en integrasie van die verskillende vervoermiddels te optimaliseer om verkeersknope en verwante besoedeling tot die minimum te beperk en dienslewering aan die ekonomie en die mense van Gauteng te maksimeer;
- openbare vervoer en die verwante nie-gemotoriseerde vervoervereistes en die doeltreffende beweging van vrag in die provinsie te prioritiseer;
- belangrike vrag- en logistieke nodusse en korridors te ondersteun;
- nie-gemotoriseerde vervoerfasiliteite by die beplanning in te sluit om spesifiek openbare vervoerdienste te ondersteun, en om die gehalte van die beboude omgewing in die algemeen te verbeter;
- finansiële steun vir vervoer en subsidiëring as hefbome en katalisators vir die ontwikkeling van die gewenste stedelike vorm te gebruik;
- mobiliteits- en toeganklikheidsbehoeftes van alle gemeenskappe in Gauteng aan te spreek;
- spesiale aandag aan die beweging van mense met spesiale behoeftes te skenk;
- Gauteng se vervoerstelsel te digitaliseer;
- 'n verenigde handelsmerk vir vervoer in die provinsie te vestig;
- van die ontwerpstandaarde by te werk;
- prioriteite wat infrastruktuurbeleggings betref, so na as moontlik aan huidige en beplande toekomstige patrone van grondgebruike te koppel; en
- gelei te word deur die beginsels van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) en Agenda 2030 waarvan Suid-Afrika 'n ondertekenaar is.

Die konsep ITMP25 vir Gauteng bou voort op bestaande literatuurhulpbronne en weerspieël insette wat tydens die afgelope 16 maande by belanghebbers en belangrike rolspelers ontvang is. Die openbare insaetydperk van die konsep ITMP25 begin op **Donderdag, 20 Februarie 2025 en eindig op Maandag, 24 Maart 2025.** Die publiek kan kommentaar en insette voor of op 24 Maart 2025 op skrif by die Departement indien vir oorweging. Die publiek word in kennis gestel dat kommentaar wat ná daardie datum ontvang word, geïgnoreer kan word. Kommentaar op skrif kan in enige amptelike taal wees.

Uitnodiging aan belangstellende en geaffekteerde partye om 'n virtuele vergadering by te woon

Die GDPV en die TAG nooi alle belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP's) om deel te neem aan hierdie openbare insaeproses deur 'n virtuele openbare vergadering soos volg by te woon:

Datum: Dinsdag, 18 Maart 2025
Tyd: 09h50 vir 10h00 tot 13h00
Platform: MS-Teams
RSVP: REGISTREER asseblief voor/op 13 Maart 2025 om die vergadering by te woon deur 'n e-pos te rig aan die TAG se Kantoor vir Belanghebbendes by die onderstaande e-posadresse:
itmp25@taggcr.co.za of toni@pietersenpp.com

Alle B&GP's wat registreer om die virtuele vergadering by te woon, sal 'n skakel na die vergadering toe ontvang.
Let daarop dat voornemende deelnemers aan vergaderings nie MS-Teams hoef te hê om toegang tot die vergadering te kry nie, maar hulle sal deur 'n "blaaier" moet aansluit as hulle nie MS-Teams het nie.

Plekke waar gedrukte kopieë van die konsep ITMP25 besigtig kan word:
Vervoerowerheid vir Gauteng, en alle metropolitaanse, distriks- en plaaslike munisipaliteite in Gauteng (sien lys). 'n Beknopte Opsomming van die konsep ITMP25 is in die volgende tale beskikbaar by die openbare plekke wat gelys is (sien lys) of op versoek van die ITMP25 se Skakelingskantoor vir Belanghebbers (besonderhede hieronder): Engels, Zulu, Sepedi en Afrikaans.

Elektroniese afskrifte van die konsep ITMP25 en/of die Beknopte Opsomming daarvan kan op versoek by die ITMP25 se Skakelingskantoor vir Belanghebbers bekom word deur 'n e-pos aan die volgende kontakpersoon te stuur:

Antoinette Pietersen
Gautengse ITMP25-projek: Kantoorkoördineerder vir Betrokkenheid deur Belanghebbers
Vervoerowerheid vir Gauteng

Posadres:
Posbus 1266
Kelvin
2054

Fisiese adres:
Grand Central Boulevard 44, Uitbr. 1.
Midrand
1682

Gautengse ITMP25-kantoor vir Betrokkenheid deur Belanghebbers se e-posadres: itmp25@taggcr.co.za of toni@pietersenpp.com
Webwerfadresse vir toegang tot elektroniese kopieë van die konsep ITMP25 en/of Beknopte Opsomming:
www.gauteng.gov.za (onder Publikasies)

OF

https://www.gautengonthemove.co.za

Sperdatum vir indiening van kommentaar: Maandag, 24 Maart 2025.
Slegs kommentaar op skrif sal aanvaar word.

LYS VAN OPENBARE PLEKKE		
GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN PAAIE EN VERVOER SE KANTORE IN GAUTENG		
Ligging van Streekkantoor en Plaaslike Munisipaliteite	**Straatadres**	**Kontaknommer**
Benoni-streekkantoor	Main Reef Road, Van Rhyn, Benoni	**Tel:** (011) 748 2003 **Selfoon:** 083 790 9399
Bronkhorstspruit-streekkantoor	Oviprostraat 2, Riamarpark, Bronkhorstspruit	**Tel:** (013) 932 0171 **Selfoon:** 082 430 8011
Derdepoort-streekkantoor	Baviaanspoortweg 326, Tshwane	**Selfoon:** 082 939 5869
Heidelberg- streekkantoor	Stasieweg 1, Heidelberg	**Tel:** (016) 349 1275
Koedoespoort - streekkantoor	Michael Brinkstraat 1215 / Nico Smithlaan, Tshwane	**Tel:** (012) 310 2200 **Selfoon:** 071 670 5935
Krugersdorp - streekkantoor	97 Fourth Straat, Krugersdorp Noord	**Selfoon:** 072 061 2595
Life Centre-gebou (Hoofkantoor, Gautengse Departement van Paaie en Vervoer)	Commissionerstraat 45, Marshalltown, Johannesburg	**Tel:** (011) 355 7000 / 7332
Vereeniging-streekkantoor	Lagerstraat 16, Leeuwkuil, Vereeniging	**Tel:** 010 345 4367 **Selfoon:** 060 546 7461
Vervoerowerheid vir Gauteng	Grand Central Boulevard 44, Uitbr. 1, Midrand	-

PLAASLIKE OWERHEDE IN GAUTENG		
Distriksmunisipaliteite (DM)		
Sedibeng DM	H/v Beaconsfield- & Lesliestraat, Vereeniging	**Tel:** 066 472 7234
West Rand DM	H/v Sesde- & Parkstraat, Randfontein	**Tel:** 079 510 2695
Metropolitaanse Munisipaliteite (Metro's)		
Ekurhuleni Metro	EGSC-gebou, h/v Kruis- en Rosestraat, Germiston	**Tel:** 063 686 6669
Johannesburg Metro	Metropolitaanse Sentrum 1ste Vloer, Raadsaal-vleuel, Lovedaystraat 158, Braamfontein, Johannesburg Helen Josephstraat 75, Departement van Vervoer, Johannesburg	-
Tshwane-metro	Tshwane Huis Ontvangs, H/v Madiba & Lillian Ngoyi Strate, Tshwane	
Plaaslike Munisipaliteite (PM's)		
Emfuleni LM	H/v Klasie Havenga en Frikkie Meyer Boulevard, Vanderbijlpark	**Tel:** 087 562 1982
Lesedi LM	Burgersentrum, h/v HF Verwoerd- en Louwstraat, Heidelberg	**Tel:** 016 492 0049
Merafong LM	Halitestraat 3, Carletonville	**Tel:** 018 788 9500
Midvaal LM	H/v Junius- & Mitchellstraat, Meyerton	**Tel:** 016 360 7445
Mogale City LM	Krugersdorp Biblioteek H/v Von Brandis and Market-strate Krugersdorp Burgersentrum	**Tel:** 081 031 4055
Rand West City LM	H/v Sutherland- & Pollockstraat, Randfontein	**Tel:** 010 496 5635